# DIE O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 19 Mei 1948 No. 25


# U.R. Verwyder Laaste Struikelblok vir Malan

**Die volgende verklaring word uitgereik deur die Uitvoerende Raad van die Ossewabrandwag na aanleiding van die beskuldigings ingebring deur die H.N.P.-leiding in verband met die O.B. en Nasionaal-sosialisme:**

Die U.R. het onlangs sy houding teenoor die H.N.P. en die verkiesing uiteengesit; ons was bereid om op voorwaarde van staking van diskriminasie teen die O.B. deur die H.N.P.-leiding landswye steun aan die H.N.P.-kandidate te gee. By gebreke daarvan was ons bereid om die kandidate van die H.N.P. te steun wat onderneem om hulle teen die diskriminasie te beywer.

Nou, egter, is die saak dalk verder geneem deur 'n persverklaring van dr. D. F. Malan waarin hy besluit dat „die nasionaal-sosialistiese ideologie" „van die O.B." die „enigste" struikelblok in die pad van eenheid of samewerking is.

Met 'n oog op die ontsettende en onberekenbare gevolge wat, veral onder huidige omstandighede, die aanhoudende volksverdeeldheid vir ons volk en nageslag inhou en met 'n oog op die prys wat reeds betaal is vir 'n blanke Christelike beskawing in ons land, **wil ons geen steen onaangeroerd laat nie in die poging om samewerking en die behoud van ons nasie te bewerkstellig.**

**O.B.-BELEID**

Derhalwe konstateer ons dat wat die „nasionaal-sosialistiese ideologie" betref, waarna dr. Malan se verklaring verwys, **die beleid van die O.B. duidelik en onmiskenbaar in November 1943 deur die Grootraad bepaal en geformuleer is en dat nêrens in daardie formulering neergelê word dat die O.B. die Nasionaal-sosialistiese ideologie aanneem of huldig nie.**

Die skeiding tussen ons berus dus blykbaar op 'n misverstand, maar as dit sal help om samewerking te verkry, konstateer ons openlik die feit dat ons as Beweging, kragtens die genoemde beleidsverklaring van die Grootraad, nog nooit Nasionaal-sosialisties was nie en daardie ideologie as sodanig nog nooit aanvaar het nie.

**Ons hoop dat ons met hierdie verklaring die laaste moontlikheid van verdere verdeeldheid onder ons volk uit die weg geruim het.**

Pretoria, 15 Mei 1948.

(Berig: P. W. Buys, Sanlam-gebou 616, Pretoria.)

## K.G. Sê: Samewerking dan Sonder Malan

(KYK BLADSY 4)

# Oos-Kaapland Besluit Oor Verkiesing

**Die Ossewabrandwag van Oos-Kaapland het besluit dat hulle nie hul weg oopsien om vir H.N.P.-kandidate te stem wat hulle nie openlik disassosieer van die vyandige beleid van die H.N.P.-leiding nie.**

**Agt verteenwoordigende vergaderings van Generaalsrade wat in Gebied B gehou is en waarop 235 offisiere teenwoordig was, het spontaan en eenparig hul trou in die leiding van die K.G. en besluit van die Uitvoerende Raad betuig.**

**Die sametrekkings is toegespreek deur die Gebiedsleier van Oos-Kaapland, genl. P. J. Botha, en genls. P. Booysen en P. M. du Plessis..**

(Berig: P. M. du Plessis, Metcalfstraat 40, Cradock.)

# WAT WIL HANS VAN RENSBURG IN DIE VERKIESING?

Elke mens het die reg en plig om vir homself te dink, maar omdat die een mens groter wysheid en insig het as die ander, verlaat mense hulle op die leiding van diegene wat hulle as hul meerderes beskou. Hulle vertrou dan dat sulke mense met hul dieper insig en breër agtergrond in staat is om in krisistye fundamentele dinge raak te sien wat die gewone man uit die oog verloor, en dienooreenkomstig die regte beslissings sal neem. Vir hierdie rede het elke volk en organisasie 'n leier wat gevolg en vertrou word totdat die praktyk bewys het dat daardie leier verkeerd in sy beslissings was.

Maar die persoon wat by voorbaat, voordat die beslissing van die leier aan die praktyk getoets kon word, al sy leier repudieer, erken daarmee dat hy geen leier nodig het nie. En die man wat soiets erken is òf 'n dwaas òf so 'n wyse man dat dit onmoontlik sal wees dat hy nog nie deur die publiek as die grootste leier ontdek en erken is nie.

Ook die Ossewabrandwag het sy leier in die persoon van Hans van Rensburg. Hy volg Hans van Rensburg al vir sewe jaar — sewe jaar van die felste stryd en verdagmaking teen die Ossewabrandwag, sewe jaar van onafgebroke krisis vir die Volksbeweging. Maar na sewe jaar het die O.B. nog geen rede gevind om te sê dat die leiding wat Hans van Rensburg gegee het, verkeerd was nie. Inteendeel, telkemale wanneer daar gehuiwer is oor die wysheid van beslissings wat deur dr. Van Rensburg geneem is, is later met 'n sug van verligting erken dat hy reg was en ons verkeerd. Hy het verder gesien. Hy het ons vyande beter geken as wat hulle ons geken het; hy het die wese van ons ideale beter onderskei temidde van die stof van tydelike krisisse.

**WAARHEEN?**

**Waarheen lei Hans van Rensburg ons?** Sewe jaar lank het die Ossewabrandwag die vertolking en die ontwikkeling van sy ideale toevertrou aan hierdie leier, Hans van Rensburg. Daardie ideale is deur hom opgesom as synde **waaragtige volkseenheid** waarin ek sê: „ek is my broer se wagter" en „die Afrikaner wat verkeerd stem is nader aan my as die vreemdeling wat reg stem". Dit is verder **waaragtige volksvryheid** — vryheid nie net van buite

(Vervolg op bl. 2)



*Hans van Rensburg, die leier wat in 'n finale rondte om volkseenheid sy eer in die hande van sy volgelinge gewerp het. Lees meegaande artikel.*

# Mnr. Havenga Moet Nou Kom Help

**Ingevolge 'n dringende persoonlike noodoproep van dr. Malan het mnr. N. C. Havenga drie belangrike vergaderings in kiesafdelings van die Afrikaner-party in die noorde gekanselleer en na Kaapland afgereis om dr. Malan se kandidate by te staan. In ruil vir hierdie hulp spreek dr. Malan 'n vergadering op Uitenhage toe.**

**Waarnemers beskou hierdie optrede van dr. Malan as 'n aanduiding van tot watter mate hy hom met die O.B. misgis het.** Sy houding was nog altyd dat die O.B. in elk geval vir hom sal stem sodat hy maar teen hulle kan diskrimineer selfs tot binne in die Afrikanerparty. **Nou vind dr. Malan 'n bietjie laat uit dat die O.B.'s hierdie keer nie gediend is met die kleurlingstatus nie.**

Die gevolg is dat mnr. Havenga, wat aanvanklik bygehaal is om Engelse stemme te trek, nou ter elfder ure moet afsit Kaapland-toe om O.B.-stemme vir dr. Malan te probeer werf.

**Met nog 'n bietjie vasstaan mag O.B.-lede daarin slaag om dr. Malan geheel en al tot besinning te bring in sy dwase stryd teen mede-Afrikaners.**

# TE ERNSTIG

By ons ter perse gaan het dr. Malan nog nie op die verklaring van die U.R. geantwoord nie. Sy mondstuk, Die Burger, het egter verklaar dat die tyd nou te ernstig is om besprekings oor ideologieë te hou, en daaraan toegevoeg:

„Alles wat selfs die moontlikheid van verwarring of verlamming inhou en die aandag van die stryd teen die Regering kan aftrek, moet vermy word."

**Die vraag is natuurlik waarom vermy dr. Malan nie die vraag van „nasionaal-sosialisme" soos hy wel republikanisme vermy nie, maar sleep hy dit juis in as verskoning om nie met die O.B. in hierdie „ernstige tyd" saam te werk nie? Om die volk verdeeld te hou, pas dit om oor nasionaal-sosialisme te praat, maar om eenheid te verkry, soos die U.R. wil, daarvoor is die tyd te ernstig!**

**Bly daar nog selfs 'n vyeblaar oor?**

## VERSWYG

**Die verklaring van die U.R. insake nasionaal-sosialisme is nie deur die H.N.P.-orgaan in die noorde, Die Transvaler, gepubliseer nie. Dr. Malan is 'n direkteur van die betrokke blad.**

## Baie Sterker As Getalle

Hoewel die Kommunistiese Party in Nu-Seeland nie meer as 800 lede tel nie, was hy nog altyd in staat om invloed ver buite sy getalsterkte uit te oefen, berig Sapa. Hulle slaag gedurig daarin om klein verskille voor te stel as vakbondbeginsels en oorreed baie nie-Kommuniste om aan hul stakings deel te neem.

## VYFTIEN KANDIDATE SLUIT VREDE MET O.B.

(BERIG BLADSY 8)

# Wat wil Hans van Rensburg?

(Vervolg van bl. 1, kol. 4)

nie, maar ook vryheid van partydiktatuur in enige vorm.

### GEKRUIP

Sewe jaar lank het Hans van Rensburg geworstel met en waar nodig gekruip voor sy mede-Afrikaners om die eerste ideaal, dié van volkseenheid, te verwesenlik, waarvan ook afhang al die ander ideale. Keer op keer is sy voorstelle tot samewerking, sy aanbiedinge van steun smalend van die hand gewys. Selfs verlede week nog het hy aan 'n Pretoriase komitee gesê dat hy te eniger tyd beskikbaar is vir samesprekings met ander leiers as eenheid daarmee bevorder kan word. Maar sewe jaar lank het Hans van Rensburg op die onwrikbare koppigheid van dr. Malan gestuit. En hy het gestuit omdat dr. Malan dit OORBODIG ag om met die Ossewabrandwag vrede te sluit, want „die O.B.'s sal in elk geval vir my stem wanneer ek hulle nodig het, en daarom kan ek maar ongehinderd voortgaan, selfs in 'n kritieke verkiesing, om hulle te vernietig en hul leier terug te hou van sy volkstaak en roeping.

### LAASTE POGING

Dr. Van Rensburg het 'n laaste poging aangewend om nasionaal-Suid-Afrika saam te snoer. Hy was bereid om dr. Malan se vyandigheid te systap deur middel van die Afrikanerparty. As dr. Malan dan nie met die O.B. as O.B. wil saamwerk nie, miskien sal hy dit doen met hom as A.P. Maar ook hier het dr. Malan verbygeduik en uitdruklik in Roodepoort en Brakpan te kenne gegee dat hy selfs nie met 'n O.B. binne die A.P. sal saamwerk in belang van „blanke Suid-Afrika" nie.

### DIE VRAAG

En die vraag het gekom: As dr. Malan voor 'n vir hom kritieke verkiesing nie bereid is om met die O.B. vrede te maak en sodoende die pad na volkseenheid te baan nie, wanneer sal hy dit dan doen? Wat meer is dan nodig en moontlik om dr. Malan tot besinning te bring?

Daar was net een antwoord: Alleen die verkiesing kan dit doen, en as die verkiesing dit nie doen nie, dan wag daar nog minstens vyf jaar van kleinlike twis en verdeeldheid ons volk op 'n tydstip wanneer die kosbare ure verby druis in die aangesig van ophopende gevare.

### VERSTANDIG?

In belang van sy volk, in belang van die Beweging wat hy beskou as die draer van die twee gedagtes wat Suid-Afrika kan red, het Hans van Rensburg besluit om die verkiesing te gebruik as die hefboom om dr. Malan se verbrokkelingsbeleid te breek. Hans van Rensburg het homself afgevra of dit verstandig sal wees om 'n verkiesing wat, soos voorgegee word, gaan oor die behoud van die blankedom, te gebruik vir die verkryging van die noodsaaklike voorvereiste van blanke redding, naamlik volkseenheid.

### DIE ANTWOORD

Hy het die antwoord op hierdie vraag gekry toe hy op Stellenbosch 'n maand of wat gelede 'n paar uur voor sy vergadering 'n telegram ontvang het dat dr. Malan twee O.B.-lede in Roodepoort en Brakpan afgekeur het as kandidate en vir die Afrikanerparty en dus vir „blanke Suid-Afrika." As dit so is, dan moet dit duidelik wees dat dr. Malan die verkiesing nie veg vir „blanke Suid-Afrika" nie, want die O.B. is ook blank. Dan is dit nog nie die volk se laaste kans nie. En Hans van Rensburg het daardie antwoord op ondubbelsinnige wyse gekry toe dr. Malan verlede week sy kandidate verbied het om plaaslike vredes te sluit met die Ossewabrandwag. As dr. Malan die O.B. nog wil uitsluit uit die stryd om behoud van „blanke Suid-Afrika", dan kan dit nog nie blanke Suid-Afrika se laaste kans wees nie — 'n drenkeling sal selfs na 'n doringstruik gryp.

### WROK

Hans van Rensburg het genoeg rede gehad om 'n wrok in sy siel om te dra teen die mense wat hy smeek om sy hand te vat. Hy is uitgemaak vir 'n volksverraaier, 'n man wat sy volgelinge aan hul vyand sou uitlewer. Maar Hans van Rensburg was groter as dit. Hy het sy volk se redding hoër gestel as sy persoonlike eer. Wou hy homself wreek, kon hy na die geleentheid gegryp het waar Worcester hom gebied het waar sy volgelinge van hom gevra het om geen steun hoegenaamd aan 'n H.N.P.-kandidaat te verleen nie. Maar Hans van Rensburg wou nie wraak neem nie, hy het 'n doel voor oë gehad en hy wou daardie doel bereik deur middel van die verkiesing. Hy wou die klip wat in die pad van samewerking lê, daardie veronderstelling van dr. Malan dat die O.B.'s in elk geval vir hom sal stem, uit die weg rol. Hy wou dr. Malan tot samewerking dwing as laasgenoemde dit dan nie vrywillig wil doen nie.

### DEUR OOPGELAAT

Daarom het hy nie gebruik gemaak van die sterk besluit van Worcester nie. Hy het nog die deur oopgelaat vir samewerking, al moet dit dan nou plaaslik geskied ten spyte van dr. Malan. Maar ook hierdie deur het dr. Malan verlede week probeer toestamp.

Daar bly dus net een weg oop na volkseenheid, en dit is die pad wat ons leier, Hans van Rensburg, nou aandui: Waar H.N.P.-kandidate hulle bly vereenselwig met dr. Malan se skeurbeleid, daar bly die Ossewabrandwag buite stemming. Hierdie taal sal dr. Malan verstaan nadat sewe jaar van mooi praat nie gehelp het nie.

### ELKEEN NODIG

Om hierdie taal te praat het ons leier, Hans van Rensburg, elke O.B. se getrouheid nodig. Die een wat sy leier se leiding hier in twyfel trek en agter histeriese verkiesingskrete aanhardloop, saboteer daarmee sy leier se laaste eenheidspoging. Hy probeer om slimmer te wees as die leier wat hy sewe jaar lank gevolg het. Sy berou sal te laat kom.

Indien O.B.-lede in hierdie finale eenheidspoging hul leier in die steek laat, watter reg het hulle om in die toekoms te verwag dat hy beslissings in belang van ons volk sal neem wanneer hy vir die uitvoering van daardie beslissings op hul steun moet bou?

### BESPOT

Reeds maak die buitestaanders hom belaglik. Hulle bespot hom as 'n leier wat nie deur sy volgelinge gevolg word nie. Ook hierdie vernedering moet Hans van Rensburg ondergaan in sy stryd om volkseenheid. Maar hy doen dit omdat hy weet dit is die laaste moontlikheid om die ideale van die Ossewabrandwag te red en om volkseenheid te verseker. Misluk hierdie poging, lê daar nog vyf lange jare van volksverdeeldheid en onderlinge twis voor.

Diegene wat kies vir eenheid, sal deur dik en dun by Hans van Rensburg staan in sy laaste rondte — 'n rondte waarin hy onherroeplik sy eer in die hande van sy volgelinge gewerp het.

### TE LAAT


Diegene wat meen dat hulle geen leier nodig het nie, sal die leiding van Hans van Rensburg veronagsaam. Hulle sal oor vyf jaar, wanneer ons volk baie nader aan sy laaste kans staan as vandag, soek na 'n Hans van Rensburg wat eenheid moet probeer kry deur besliste optrede, maar hulle sal alleen hul eie kortsigtigheid en gebrek aan vertroue kan blameer as geen leier bereid sal wees om daardie leiding te gee en andermaal 'n openbare gek van homself te maak nie.

In 1943 het Hans van Rensburg die pad gevolg van onvoorwaardelike verkiesingsteun. Dit het misluk. Om dit weer te volg, sal van 1953 maar weer 'n 1948 maak . . . en intussen is kosbare ure en jare daarmee heen.

---


## Is Medisyne Noodsaaklik?

*Die Natuurwetenskap sê nee!*



**Die Bron van Siekte**

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**
**Met Verbasende Uitslae**
**GEEN MEDISYNE!**
**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**

**Posbus 1336 — KAAPSTAD**


---

# In Swart Perd se Stof Hardloop

**Waar dit nou duidelik geword het dat dr. Malan inderdaad nie vir „blanke Suid-Afrika" die verkiesing veg nie, maar vir Malan-Suid-Afrika, kan ons met gerustheid van hart die H.N.P.-propaganda ontleed. Die optrede van dr. Malan het ons nugter gestem, en synde nugter, kom ons tot onderstaande gevolgtrekkings:**

Indien dr. Malan die verkiesing wen, wat gaan hy doen om „blanke Suid-Afrika" te red? Om iets deurtastends aan te pak, het hy twee-derde van die parlement agter hom nodig— en selfs die reuse-meerderheid van genl. Smuts die afgelope vyf jaar was nie eens 'n tweederde-meerderheid nie. Watter hoop het dr. Malan om dit te kry wanneer hy nog met sy mede-Afrikaners rusie maak? Dr. Malan sal maar net moet doen wat genl. Hertzog voor hom gedoen het indien hy die kleurvraagstuk wil aanpak: Hy sal 'n koalisie moet aangaan met genl. Smuts sodat daardie Smuts-volgelinge wat in breë saamstem, vrygemaak kan word van „die partytirannie" soos dr. Malan dit in die parlement genoem het.

### 1929 — 1936

Genl. Hertzog het ook in 1929 oor die naturellegevaar 'n verkiesing geveg. Ná sy oorwinning kon hy niks aan die vraagstuk doen voor eers na sewe jaar nie, d.w.s. nadat hy 'n koalisie gesluit het met daardie party wat hy „oor blanke Suid-Afrika" by die stembus beveg het! Dr. Malan sal dus ook eers met genl. Smuts 'n koalisie moet sluit, voor hy die kleurvraagstuk kan aanpak, en waarom moet O.B.-lede dan hul organisasie verloën terwille van die waardelose verkiesing — waardeloos in elk geval sover dit die kleurvraagstuk betref?

Dr. Malan het, volgens Die Burger van 21 September 1944, op sy kongres in Pretoria gesê:

„In 1929 het die Nasionale Party die kleurvraagstuk op die voorgrond geplaas en die verkiesing van toe het die Nasionale Party 'n meerderheid oor alle partye gegee. Wat in 1929 moontlik was, is weer moontlik."

### SWART PERD

Hieruit is duidelik dat dr. Malan eenvoudig die swart perd uit die stal getrek het om die wedren na die groenkussings te wen soos hy dit 19 jaar gelede gewen het. Die O.B. wat dus ten spyte van vyandigheid agter daardie ou swart perd aanhardloop in die stof, sal met skaamte ná die verkiesing moet erken dat hy sy eie ideale in die wiele gery het wanneer hy sien hoe dr. Malan òf die ou swart perd weer afsaal, òf 'n koalisie met genl. Smuts sluit om die vraagstuk te kan aanpak.

Dr. Malan het reeds op 16 April 1946 vir sulke samewerking met Smuts-volgelinge gepleit, toe hy (volgens Hansard par. 5771) gesê het dat die kleurvraagstuk gesamentlik aangepak moet word:

„As jy dit sou doen dan lig jy die hele saak uit die partypolitieke arena. Dan maak jy daarvan 'n nasionale saak. Dan skakel jy uit by die bespreking daarvan, by die oorweging daarvan, alle partygevoel en jy skakel uit die behaal van alle partyvoordeel; met ander woorde, jy maak die verskillende partye wat hier is daardeur los van die tirannie van die partysweep. Jy stel hulle in vryheid om die saak te beskou en om te handel ooreenkomstig hulle eie oortuiging en die oortuiging van hul kiesers."

So wil dr. Malan die vraagstuk oplos, het hy gesê, m.a.w. volgens die O.B.-metode van partylose medewerking van alle blankegesindes.

Waarom dan in die stof van dr. Malan se swart verkiesingsperd hardloop, weg van die O.B. af?

---

## Rottanghoue vir Indiërs

Drie jong Indiërs wat daarvan aangekla is dat hulle die grens tussen Natal en Transvaal onwettig oorgesteek het, is verlede week tot ses houe elk met 'n ligte rottang gevonnis. As die hof in al die gevalle waar die Indiër-versetplegers hulle skuldig maak aan die wet, lyfstraf aanbeveel, sal daar sekerlik minder „helde" wees wat die Unie-wette veronagsaam.

## SAAK TEEN KOMMUNISTE

Die akte van beskuldiging van sedisie teen nege persone, van wie agt beskryf is as amptenare van die Kommunistiese Party, is voorverlede week, nadat die saak al baie maande lank verskillende wendings geneem het, nietig verklaar. Die staat het aansoek gedoen om die akte van beskuldiging te wysig. Deur die hof is daarop gewys dat die Prokureur-generaal 'n nuwe akte van beskuldiging kan opstel.

Die saak dateer reeds vanaf Augustus 1946 na aanleiding van die staking van 50,000 naturellemynwerkers op die Rand.

## Porterville en dr. D F. Malan

Na aanleiding van 'n berig in gister se Burger, dat lede van die O.B. te Porterville onvoorwaardelik steun aan die H.N.P. beloof het, dien daarop gelet te word dat die plaaslike H.N.P.-bestuur uitdruklik onderneem het om hulle voortaan — ook op die aanstaande kongres — te beywer vir verwydering van diskriminerende maatreëls.

Die H.N.P. en O.B. van Porterville het dus ooreengekom om in die toekoms saam te werk, ten spyte van die kandidaat, dr. D. F. Malan, wat nog buite die ooreenkoms staan.

Na verneem word, het O.B.'s van Porterville besluit om in die Paarl te gaan help waar die kandidaat 'n ooreenkoms onderteken het.


**A.V.B.O.B.**

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

# O.B.'s net „Grootbekkig' — sal Tog Stem sê Blad

**Dr. Malan het goed geweet dat as dit op stuk van sake kom, nie een enkele O.B. die stembus sal kan weerstaan nie en dat almal tog maar vir die H.N.P. sal stem. Daarom het hy dit nie nodig geag om die stryd teen die Ossewabrandwag te staak nie, en verbied hy selfs nou nog sy mense om plaaslike ooreenkomste met die Ossewabrandwag aan te gaan.**

**Dit is die gevolgtrekking waartoe die Cape Times kom in 'n hoofartikel na aanleiding van dr. Malan se jongste persverklaring. Die artikel lui onder meer:**

„Die belaglike getwis tussen die Nasionaliste en die O.B. het uitgeloop soos elke persoon met gesonde verstand geweet het dit sou. **Slegs 'n politieke dwaas sou geglo het dat al die grootbekkige dreigemente van die O.B.-leier iets meer as koue pampoen was. Niemand het dit beter besef nie as dr. Malan. Hy het hulle haarfyn geken.** Dwarsdeur hierdie lang hoofstuk van narrespel het hy die O.B.-leier op elke draai uitgeknikker. Vandag lag hy seker in sy vuis oor die afgeblaasde dog onbedwingbare O.B.-führer se klaarblyklike poging om sy eer te red.

### STEMBUS

**„Dr. Malan het net so goed geweet as die vername dr. Van Rensburg dat wanneer dit daarop aankom nie 'n enkele lid van die O.B. die stembus sal kan weerstaan nie en dat hulle almal vir die Nasionale Party sal stem, maak nie saak wat hulle leier gesê het nie, en ten spyte van die plegtige gekskeerdery van die onlangse Worcester-verklaring.**

### SKOP GEGEE

**„Toe die O.B.-führer op grond daarvan sy grootste waarskuwing aan die Nasionale Party gerig het dat sy volgelinge hul steun sal weerhou tensy Nasionale kandidate onderneem om diskriminasie teen die O.B. te veroordeel, en aan die hand gedoen het dat plaaslike ooreenkomste aangegaan moet word vir die doel as 'n toets vir opregtheid, het dr. Malan hulle presies behandel soos hierdie klomp aanmatigende domkoppe verdien het. Hy het die supergeneraal en sy klughelpers lustig en sonder seremonie onder die sitvlak geskop en alle plaaslike ooreenkomste verbied."**

(Die verantwoordelikheid vir alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe word aanvaar deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad tensy waar anders vermeld.)

## Persmenings:

# ENGELSE PERS IN HUL SKIK MET MALAN-HOUDING

**Die optrede van die leier van die H.N.P., dr. D. F. Malan, om sy kandidate te verbied om vrede met die Ossewabrandwag in hul kiesafdelings te maak, het die Engelse pers genoop om 'n lofrede aan te hef oor „die slim leier van die H.N.P." se „regte" sienswyse in die saak.**

The Cape Argus vind dit moeilik om sy uitbundige vreugde weg te steek. Die rede vir die vreugde van hierdie blad is voor die hand liggend: die blad besef dat deur die vyandige gebaar dr. Malan die kanse van genl. Smuts in etlike kiesafdelings mag verbeter.

Na aanleiding van die vredespogings van die O.B. met H.N.P.-kandidate, skryf die blad: „Maar dr. Malan was 'n te ou voël om hom met sulke bog te laat vang" en vervolg dan verder: „Dr. Malan is ongetwyfeld reg om verdag te wees teenoor die skielike entoesiasme van die O.B.'s vir die Afrikanerparty . . . . Hy het gesien dat 'n paar oulike knape werklik probeer om sy posisie as leier te rysmier. Daarom . . . het hy sy voet op hul nekke gesit . . . Hulle (die O.B.) mag daarvan bewus geword het dat waar dit politieke strategie betref hulle suigelinge is in vergelyking met die slim leier van die H.N.P."

### VERSWYG

**Die Burger het, soos gewoonlik, die verklaring van die K.G., waarin die O.B. se standpunt (kyk berig elders) uiteengesit, verswyg.**

(Die Suiderstem (V.P., Kaapstad) meen dat dr. Malan se verklaring 'n toets is vir die getrouheid van sy kandidate aan sy leiding. „As hulle (die kandidate) sou besluit om hul verstandhoudings of ooreenkomste met die Ossewabrandwag in ere te hou, in weerwil van dr. Malan se verbod . . . **beteken dit dat hulle dr. Malan se leierskap repudieer. Dr. Malan moet hulle dan òf as lede van die H.N.P. skors of aanbied om sy leierskap neer te lê want 'n hoofleier van 'n party wat nie gehoorsaam word nie geniet nie meer vertroue nie,"** aldus Die Suiderstem.

# MALAN-VOLGELINGE ERG ONTEVREDE

**Die verklaring van dr. Malan waarin hy kandidate van sy party verbied om plaaslike vredes met die Ossewabrandwag te sluit, het 'n vlaag van ontevredenheid in H.N.P.-geledere dwarsdeur die land teweeggebring, na uit verskillende dele van die land verneem word. Woorde soos „Malan moet nou trap" is algemeen gehoor.**

Veral die antwoord van die K.G., waarin hy sê dat die O.B. sal voortgaan om vrede te maak ten spyte van dr. Malan, het daardie volgelinge van die H.N.P. wat hul volk bo partybelang stel, tot die gevolgtrekking laat kom dat die skuld vir die verdeeldheid nie by dr. Van Rensburg rus nie, soos voorheen geglo is.

In Kaapstad het etlike harde H.N.P.-lede uit hul pad gegaan om aan O.B.-offisiere hul ingenomendheid met die K.G. se houding te betuig en afkeur uit te spreek oor dr. Malan se optrede. **In een geval het 'n voormalige hoofkommandant wat in 1941 op aandrang van dr. Malan uit die O.B. bedank het, kom bely dat hy nou insien dat dr. Van Rensburg reg was en nie dr. Malan nie.**

# Genl. J. A. Smith weer Beter

Die toestand van die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, wat onlangs weer 'n ligte hartaanval gehad het op sy plaas naby George, is tans weer taamlik bevredigend. Genl. Smith was onlangs veertien dae in die bed as gevolg van die aanval, maar is nou weer op die been.

Dit is die bede van die Ossewabrandwag dat hierdie vurige leier van die Volksbeweging weer sal herstel en sy kragte herwin.

# Immigrante wat Afrikaans leer

Onder die Britse immigrante in Kaapstad is daar ongeveer 200 wat lesse in Afrikaans aan die Kaapstadse Tegniese Kollege volg. Die res verkies blykbaar om eentalig te bly en om nie Afrikaans te leer nie.

Die groepie wat leer, blyk baie ywerig te wees en probeer om so gou moontlik tweetalig te word. Sommige van hulle is reeds in staat om in Afrikaans te debatteer, en binnekort word 'n debat deur hulle gehou wat net in Afrikaans gevoer moet word.

# VERLAMMING NEEM AF

Die afname van nuwe gevalle van kinderverlamming duur tans voort. Slegs enkele gevalle is die afgelope week op die Rand aangemeld. Ook elders was minder gevalle.




„Ek geniet hul volle geur"

sê Mnr. Le Fras Strydom, Sportredakteur, Johannesburg.

Wat die Sportman betref, weet ek aan watter sigaret hy voorkeur gee! Springbok is sy keuse. En ek onderskryf dit. Ek geniet hul volle geur en hul ekstra grootte en sagtheid.

Meer mans rook Springbok as enige ander sigaret!

HIERDIE FEIT IS BEWYS DEUR ONLANGSE UNIE-OPNAMES DEUR ONAFHANKLIKE NAVORSINGS-ORGANISASIES

Dwarsdeur die Unie het manne van alle stande — skrynwerkers, klerke, maatskappy-direkteure — oorweldigend hul keuse uitgebring op Springbok. *Geniet Suid-Afrika se Vooraanstaande Sigaret — Probeer Springbok Vandag!*



*„Hulle bevredig en ek hou van hul egte tabakgeur."*

SPRINGBOK

DIE SPORTMAN SE SIGARET

20 vir 1/-. Ook in pakkies van 10 en 50. Met en sonder Kurkmondstuk.

U/S 329



**VRUGTEBOERE,**

**U koop jaarliks bemestingstowwe en spuitstowwe van die een of ander firma. U ondersteun hom daardeur, maar het u hom al gevra of hy u blad met advertensies ondersteun? Solank u dit nie doen nie, ag hy dit nie nodig om dit te doen nie.**



EXCELSIOR Meubels BPK.

*Bied u u Huishoudelike Benodigdhede teen die Laagste Pryse aan.*

MAKLIKE VOORWAARDES WORD GEREËL

Besoek ons te:

| | |
|---|---|
| JOHANNESBURG | Pleinstraat 40 |
| PRETORIA | H/v Andries- en Pretoriusstrate |
| KAAPSTAD | Pleinstraat 47/49 |
| BLOEMFONTEIN | St. Andrewstraat 123 |
| KROONSTAD | Cross-straat 42 |
| VEREENIGING | Marklaan 17C |
| POTCHEFSTROOM | Kerkstraat 108 |
| FICKSBURG | Markplein |

In u eie keuse van materiaal teen slegs 15/- per week.



Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg

Stuur Gratis Katalogus

Naam ..............................

Adres ..............................

..............................

..............................

OB

# DR. MALAN EN SY BONDGENOTE

Wanneer mens 'n stryd aanknoop, soek mens vanselfsprekend soveel bondgenote as moontlik. Die H.N.P. onder leiding van dr. Malan, soek ook bondgenote. Die eerste bondgenoot was die Afrikanerparty, en die hele volk het hierdie bondgenootskap verwelkom; ook die Ossewabrandwag, wat gesê het dat hy dit as die eerste stap in die rigting van groter volkseenheid beskou. Daarna het dr. Malan, volgens 'n verklaring wat hy op 30 Januarie hierdie jaar in die pers laat verskyn het, 'n informele bondgenootskap met kol. Stallard gesluit. **Hy het gesê dat daar samewerking in die verkiesing en in die parlement tussen die twee partye kan wees.** Daarna het gevolg 'n soortgelyke bondgenootskap met die Cadman-groep en ook sommige onafhanklike kandidate wat dr. Malan steun aan toegesê het in sy stryd teen genl. Smuts. Ten slotte het dr. Malan 'n bondgenootskap gesluit met daardie Engelse kiesers wat nie met die Smuts-bewind meer tevrede is nie. **Van sy kant het hy onderneem dat hy die verkiesing bloot oor blanke Suid-Afrika voer, en uitdruklik nie oor die republikeinse ideaal nie.**

## ADDER IN DIE HAND

Langs hierdie weë het dr. Malan dus byna elke moontlike groep of kieser as bondgenoot of potensiële bondgenoot in sy stryd teen genl. Smuts probeer inskakel. **Net een groep het nog buite gestaan, naamlik die Ossewabrandwag. Hy het buite gestaan nie omdat hy nie aan die stryd wou deelneem nie, maar omdat dr. Malan sy uitgestrekte hand van vriendskap nie wou neem nie. In daardie uitgestrekte hand het Malan die adder van „nasionaal-sosialisme" gedruk en toe weggehol van die O.B. af met die verskoning dat hy die O.B. se hand nie kan vat nie, want dan vat hy aan die nasionaal-sosialistiese adder.**

**Nogtans het dr. Malan intussen sy steun toegesê aan drie nasionaal-sosialistiese kandidate.** Dáár was hy bereid om die hand waarin die adder lê, in syne te neem, **want die stryd gaan mos nie oor nasionaal-sosialisme nie, en ook nie oor 'n republiek of 'n empire nie, maar oor „blanke Suid-Afrika"!**

Dr. Malan het dus nie net met kol. Stallard se Sons of England bondgenootskappe gesluit nie, maar ook met die Nasionaal-sosialiste van die Nuwe Orde, en as die stryd oor blanke Suid-Afrika gaan, kan mens hom alleen daarvoor prys. **Net die O.B. se hand word nie geneem nie, al erken dr. Malan dat hy met die O.B. net op een punt verskil, naamlik die adder wat hy self in die uitgestrekte hand van vriendskap getower het.**

## STERKSTE BONDGENOOT

Maar om hierdie spelletjie van oëverblindery te speel, is dit vir dr. Malan nodig om die sterkste bondgenoot van almal in te roep — die bondgenoot Onkunde met sy tweelingbroer Wanvoorstelling. **Dr. Malan se pers het 'n opdrag om geen toesprake of verklarings van O.B.-lede te plaas nie — selfs nie eens betaalde advertensies nie. Toe dr. Van Rensburg verlede November in die Paarl gesê het dat die O.B. tevrede is om die H.N.P. te ondersteun deur middel van die Afrikanerparty ondanks dr. Malan se vyandelike houding teen die O.B. op daardie tydstip, het dr. Malan se pers daar nie 'n woord van geplaas nie. Net so het sy pers, op een uitsondering ná, geen woord geplaas van mnr. Havenga se verklaring te Hobhouse oor dr. Malan se weiering om O.B.-lede as A.P.-kandidate goed te keur nie. Die bondgenoot Onkunde se bystand moes teen alle koste behou word, en die volk moes nie verneem wat die waarheid is nie.** Net so ook weer het Die Burger geweier om dr. Van Rensburg se verklaring van verlede Dinsdag te publiseer waarin hy sê dat die O.B. voort sal gaan met sy pogings om plaaslike vredes te sluit waar dr. Malan in die pad van 'n Uniale vrede staan. Die bondgenoot Onkunde moes hier ingeroep word net soos dit ook ingeroep was toe dr. Van Rensburg die beskuldiging dat die O.B. die nasionaal-sosialisme aanhang, weerlê het. Want as hierdie bondgenoot sy werk nie gedoen het nie, kon dr. Malan nie gewaag het om die adder in dr. Van Rensburg se uitgestrekte hand van vriendskap te lê, **twee weke nadat dr. Van Rensburg uitdruklik ontken het wat dr. Malan hom nou toedig nie.**

Maar dr. Malan se mense begin nou uitvind dat hulle mislei en doelbewus in die duister gehou word omtrent belangrike volksaangeleenthede. Hulle begin nou die Engelse koerante te lees vir O.B.-nuus, en die skok wat hulle opdoen in die proses is nie baie gunstig vir dr. Malan nie.

**Dit is dus 'n vraag hoe lank dr. Malan sal kan volhou met sy bondgenootskap met Onkunde en Verdraaiing as substituut vir 'n bondgenootskap met die Ossewabrandwag in 'n stryd om behoud van „blanke Suid-Afrika".**

**Die volk sal uiteindelik wil weet of „blanke Suid-Afrika" met behulp van onkunde en verdraaiing gered kan word wanneer dr. Malan se eie kandidate in etlike kiesafdelings reeds van mening is dat die O.B. se hulp van meer tasbare waarde in 'n stryd vir die blankedom is as die onthouding van die waarheid.**

# SAMEWERKING SONDER DR. MALAN GAAN VOORT — K.G.

**In antwoord op dr. Malan se verbod aan sy kandidate om plaaslike ooreenkomste van vrede met die Ossewabrandwag te sluit, het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, onderstaande verklaring uitgereik en daarmee nogmaals aan die wêreld getoon dat hy die groot profeet van Afrikanereenheid is.**

In 'n verklaring aan die pers op 10 Mei verwerp dr. D. F. Malan beslis enige toenaderingspoging tot of van die Ossewabrandwag. Verder veroordeel hy skerp dié van sy volgelinge wat 'n meer versoenende koers ingeslaan en plaaslike beëindiging van die broedertwis help bewerkstellig het.

Die redes vir die volharding in die broederstryd word met die gebruiklike breedvoerigheid aangehaal en selfs die Nasionaal-sosialisme word by die hare ingesleep, **hoewel elkeen weet dat die verkiesing daarmee ewemin te doen het as met die republikanisme.**

Vir die mans en vrouens in die O.B., kiesers in die komende verkiesing, is die beslissing teleurstellend, dog geensins verrassend nie. **Juis omdat jarelange pogings tot samewerking vansyde die O.B. steeds teen die vasgeroeste onversoenbaarheid van dr. Malan en die H.N.P.-leiding skipbreuk gely het, het ons hierdie keer eenvoudig by die leiding verbygegaan en gesoek na 'n meer verstandige en minder vyandige gevoel by die volgelinge.**

### DANKBAAR

Ons is dankbaar dat die broedertwis, ondanks dr. D. F. Malan, in sekere kiesafdelings beëindig is en dat die Opposisiekanse in daardie kiesafdelings dientengevolge aansienlik versterk is.

In Rustenburg, Vredefort, Pietersburg, Ventersdorp, Kroonstad, Marico en Heilbron, en hopelik eerlank ook in etlike ander plekke, verstaan nasionale Afrikaners mekaar beter as wat dr. Malan se verklaring blykbaar sou wil sien.

**Ons sal op daardie pad voortgaan en trag om met ons mede-Afrikaner op 'n onderlinge basis van eerbare erkenning saam te werk.**

**Intussen neem ons aan dat selfs dr. Malan, na hierdie finale verwerping van samewerking, nie meer verlang of verwag dat ons moet glo dat hierdie verkiesing „Blanke Suid-Afrika se laaste kans" is nie.**

**Of weeg die vernietiging van die mede-Afrikaner en medeblanke Ossewabrandwag swaarder as die redding van blanke Suid-Afrika.**

## K.G. se Dank

**Die K.G. skryf:**

**„Vir al die vriende en vriendinne wat so gul en gasvry gehelp het om ons intrek op die eiland in die Vaalrivier van die staanspoor aangenaam te maak wil mevrou Van Rensburg en ek ons innige en warme dank betuig. By die ontvangs het ek dit reeds gedoen maar ek weet dat baie wat nie teenwoordig was nie ook aandadig daaraan was en langs hierdie welbekende weg van Die O.B. wend ons ons aan u almal en ons sou graag elkeen van u die hand druk.**

**Hans van Rensburg".**

**Mooi-Eiland**

**10 Mei, 1948.**

# Sny Katte Se Woede Uit

Amerikaanse wetenskaplikes het deur middel van 'n breinoperasie op katte daarin geslaag „om die katte se woede uit te sny". Hierdie aankondiging is gedoen tydens die jaarlikse byeenkoms van die Nasionale Akademie te Washington. Deur middel van hierdie operasie is gedeeltes van die brein verwyder sodat die katte geen emosie kan ervaar nie.

Die katte is andersins nie deur die operasie beïnvloed nie. Hulle kon net nie emosies ervaar nie. Ander operasies het weer ten gevolge gehad dat saggeaarde katte kwaadaardig word. Dit is egter nie 'n maklike taak nie, het die twee wetenskaplikes, Philip Bard en Vernon Mountcastle, verklaar.

# Noordweste Bly By Besluit

**KAKAMAS. — Na die Worcesterse Laertrek is hier vier vergaderings in hierdie generaalskap gehou, nl. op Upington, Kanon-Eiland, Kakamas en Rhenosterkop. Al die vergaderings is goed bygewoon en daar is verslag gelewer van die verrigtinge wat daar plaasgevind het en van die besluit van die laertrek om nie vir vyandigheid te stem nie.**

**Op al die vergaderings is besluit om stiptelik te bly by die besluit wat op Worcester geneem is.**

Almal voel oortuig dat die hartlike samewerking wat daar was tussen die O.B. en die Afrikanerparty, ter bevordering van die Malan-Havenga-verkiesingsfront en in belang van nasionale volkseenheid, nou weer deur die H.N.P.-leiding verongeluk is.

Die Ossewabrandwag in hierdie geweste staan vas.

(Berig: F. M. Joubert, Posbus 12, Kakamas.)

# Vasstaan het Vrede Gebring

In kiesafdelings waar plaaslike vrede gesluit is, sal, indien die manne wat dit onderteken het hul woord gestand doen, voortaan samewerking tussen Afrikaners wees wat oor sake saamstem. Voorheen was daar stryd in daardie kiesafdelings.

**Hierdie samewerking is verkry deur daardie offisiere en brandwagte wat die K.G. se leiding getrou uitgevoer het. Dit is verkry deur vas te staan en nie deur onvoorwaardelike oorgawe nie.**

# Moet teen Kommuniste Optree

Die Amerikaanse huis van verteenwoordigers se komitee oor on-Amerikaanse bedrywighede het die departement van justisie versoek om dadelik te begin met optrede teen die Kommunistiese Party omdat dit die veiligheid van Amerika bedreig. Die komitee beweer dat die Amerikaanse Kommuniste dieselfde sal doen as wat tans in Griekeland plaasvind.

# „KOP, WEN EK: MUNT, VERLOOR JY!"

**In sy verklaring wat hy voorverlede Sondag aan die pers gegee het omskryf dr. Malan sy standpunt teenoor O.B.-lede binne die Afrikanerparty in die volgende woorde:**

„By die uitvoering van die ooreenkoms (het) die H.N.P. nie te doen met die O.B.-organisasie of met enige O.B.-lid as sodanig nie. Waar O.B.-lede ook lede van die Afrikanerparty is, daar het die H.N.P. met hulle te doen **UITSLUITEND in hul kapasiteit as lede van die Afrikanerparty, gebonde soos hulle dan is, aan al die verpligtings onder die ooreenkoms."**

**Hieruit blyk duidelik dat dr. Malan nie die O.B.-skap van lede van die Afrikanerparty raaksien wanneer hulle vir hom moet stem nie. Maar wanneer hy vir hulle, soos in Brakpan en Roodepoort, moet stem, dan sien hy nie hul A.P.-skap raak nie, dog net hul O.B.-skap.**

**Wanneer dr. Malan aan die ontvangkant is, ken hy net A.P.-lede. Wanneer adv. John Vorster aan die ontvangkant is, ken dr. Malan hom net as 'n O.B.-lid.**

Dit is soos die dobbelaar wat die pennie opgooi met die woorde: „Kop dan wen ek, munt dan verloor jy!". Hy bly dus in alle gevalle die winner!

**Maar niemand sal met so 'n man dobbel nie, en net so min sal geen O.B. met dr. Malan saamwerk op daardie basis nie.**

# ONS HET OOK 'N ANDER PLIG

**Mnr. F. Henning, Amajuba, Charlestown, Natal, skryf:**

Solank as wat dr. D. F. Malan („volksleier") leier van 'n party bly, solank sal hy die O.B. beveg. Ten nadele van sy volk en miskien ten voordele (tydelik) van sy party.

As partyleier is hy verplig om dit te doen onder huidige omstandighede; maar in dieselfde asem wil ek ook sê dat hy terselfdertyd reeds alle verband met sy volk gelos en verloor het. Hy moes dit ook doen, want dis daarheen waarheen die partypolitiek geleidelik heen lei.

Hy moet sy volk verloën en soms bedrieg omdat sy volk vir hom net stemmewaarde besit. En as hier Jode en Engelse en andere is wat vir hom meer stemmewaarde het as 'n deel van sy volk, en noem dit by name, die O.B., (en wie haat die O.B. meer as 'n Jood?) dan moet hy die O.B. verloën omdat stemmewaarde by hom meer weeg as volksverbandswaarde.

En in hierdie tye wanneer min Jan Hofmeyr met sy kaffermetgesel aan die publiek voorgehou word as gevaar nommer 1, dan skroom die Malan-politici nie om in die aangesig van die Jood, Brit en andere die O.B. 'n klap in die gesig te gee as bewys van sy eersterangse vyandskap teenoor 'n beweging wat vir laasgenoemdes nie aanneemlik is nie. En ons gaan nog baie seer en baie harde houe van hulle kry voor 26 Mei, terwille van die Jood se stem wat Suid-Afrika moet red.

Daarom die innerlike krag van die O.B. 1938 het ons uit die kloue van die partystelsel geruk alles wat vir die Afrikaner dierbaar is, sy volksverband en alles wat hom suiwer en sterk maak — sy geloof. Die O.B. verloën niemand nie.

Maar omdat dr. Malan ook die O.B. ken as Afrikaners met 'n diepe besef van hulle plig, glo hy dat hy maar klappe kan uitdien; hulle sal hulle „plig" weet en doen op 26 Mei. Dr. Malan en die syne is so bewus van die Ossewabrandwag se pligsbesef dat hulle ons selfs vernederend gelykstel in status met dié van die Kaapse kleurling in die H.N.P. Ons dank hulle vir hulle hoë dunk van ons pligsbesef. Maar een woordjie ook aan hulle:

Die O.B. het hom ook 'n taak ten doel gestel, nl. die vernietiging van die partystelsel in Suid-Afrika.

Terwille van hulle, wat ook Afrikaners is, maar die volksverband in die troebel waters van die party-stelsel kwyt-geraak het — **terwille van hulle ook, gaan die O.B. nie stem nie: die partypolitiek nie ondersteun nie, maar lamlê en vernietig!**

# Kandidaat Hou Hom Onkundig

**Mnr. D. F. Meyer, Blomhoek, P.K. Tweeling, skryf:**

Aan die L.V. van Frankfort, kol. L. Döhne, is per telegram gevra of hy die besluit van die H.N.P.-kongresse rakende die O.B., goedkeur of nie. Sy antwoord daarop was: „Nie bewus Kongers-besluit rakende O.B.". Daarop het ek hom 'n telegram gestuur: „Verwag dan in u geval wat niks weet van diskriminasie teen u volksgenote geen steun van die O.B.-kant". Ek glo ook dat die O.B.-volksgenote dit hierdie keer 'n saak van eer sal maak. Verder wens ek u hartlik te bedank vir die pragtige uiteensetting van die Malan-kleurbeleid. Hier doen Die O.B. nou oortuigende werk.

# Volk Word Verdeeld Gehou

**Mnr. H. L. Neethling, Diepsloot, P.K. Tuinplaats, skryf:**

Ek volg in die laaste tyd Die O.B. met meer aandag as ooit tevore en ek is oortuig daarvan dat wat in die laaste tyd deur Die O.B. gesê was, gesê moes word, maar nou lyk dit vir my of ons aan die einde van daardie soort geskryf gekom het en of ons ons nou meer moet toelê op dinge wat daarop wys dat ons — die O.B. — die slagveld gewen het. Sover ek weet gaan die kandidate byna almal met ons akkoord dat die stryd teen die O.B. deur die kandidate gestaak moet word nieteenstaande die H.N.P.-kongres se besluit was om die stryd voort te sit.

Op 'n vergadering van H.N.P.-lede is dan ook 'n paar dae gelede in my omgewing ooreengekom om van nou af weer met mekaar oor die politieke toestand te gesels — want u weet H.N.P.'s en O.B.'s het in die laaste tyd nie meer met mekaar gesels nie.

Op die vergadering wat ek hierbo van skryf het ons absoluut saamgestem om die vredemakery nou onder die volk te propageer, want sê ons, die leiers wil mos nie vrede maak nie en dit is die volk wat ly onder die getwis, en dit is nie die volk wat vir die getwis salaris trek nie, en in party gevalle nogal groot salarisse, maar dit is die mense wat die getwis aanblaas.

Wat ek nou aan die hand sou wou doen is dat Die O.B. van nou af hamer op die ideologie van die O.B. en probeer om aan die volk te verduidelik wat ons voorstaan, nl. 'n gesagstaat wat sal regeer word deur die verskillende belanghebbende groepe. Ek wil dit miskien amper liewers 'n koöperatiewe staat noem want dit sal byna net op dieselfde neerkom, nl. hulle wat gestuur sal word om die belange van hulle verskillende groepe te gaan verteenwoordig, sal nie geroepe wees om weens die stelsel hulle kollega, wat die ander groepe verteenwoordig, te beveg ten einde dit vir hom onmoontlik te maak om iets goeds te verrig vir sy mense wat hy verteenwoordig nie. Daar sal van weerskante geprobeer moet word om gesamentlik iets goeds vir die geheel te verkry, want die geheel is afhanklik van die deel, gaan dit met die deel sleg dan gaan dit met die geheel sleg. In koöperasie ken ons nie rasse of partye nie, ons ken net mense wat die selfde belange het en wanneer ons met — selfs die handel of enige ander groep onderhandel oor sake, dan ken ons ook nie rasse of partyleiers nie; ons handel of onderhandel oor elke saak op die meriete van die saak.

Ons is besig om ons ou landjie na die hoenders te stuur in plaas van hom te probeer red van ondergang en ek voel oortuig daarvan dat alles maar net so gaan omdat ons nie tot mekaar kan deurdring nie. Die koerante hou ons uit mekaar. Ek is seker daarvan dat selfs die Engelse wat Suid-Afrika (Vervolg in volg. kol.)

(Vervolg van vorige kol.) hulle land gemaak het met ons gaan saamstem dat dit die enigste plan is. (Effens verkort).

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# OP DIE SKAKELSPOOR

**Mnr. J. Ras, Korrinte Rivier, Riversdal, skryf:**

U weet dat £1000 darem baie geld is om aan te bied vir skinderbekke. Die aas lyk aantreklik en dit skyn of daar van die ou gulsiges is wat watertand rondmaal om tog maar 'n skakelspoor te probeer fabriseer. Dat daar nog 'n Afrikaner, Hans van Rensburg, tevoorskyn gekom het, wat, soos 'n genl. Crisjan de Wet, bereid was om saam met sy volk liewers op 'n „mishoop" te wees, as om die knie vir die geldgod te buig, dit gaan die benewelde brein van die skinderbekke te bowe.

Daar moet iets verkeerd wees. Is geld dan nie die maatstaf waarmee in die partypolitiek gemeet word nie? Het Rhodes dan nie gesê elke man het 'n prys nie? Nou kom Hans van Rensburg en hy offer sy hele toekoms, duisende van ponde, sy administrateurskap, die bloei van sy lewe, om vir sy volk die skuif te word van skinderbekke en verraaiers. Ondenkbaar! Onmoontlik! Onverstaanbaar! Die newel in die brein vererger en word 'n rokie. A, waar 'n rokie is, moet daar 'n vuurtjie wees en met die nodige giffies van buite sien die partypolitiekoorrompelde brein eindelik 'n dwaalliggie, die dwaalspoor, alias skakelspoor. Die eintlike skakelspoor wat soos 'n bergreeks deur ons volkslewe gaan en wat verantwoordelik is vir die onnoembare ellende wat ons volk al deurgemaak het, die kan die benewelde brein nie raak sien nie. As daar honderdduisende ponde jaarliks uit 'n volk gepluk word deur 'n ingevoerde Britse partystelsel, waarvan Sy Majesteit se Opposisieleier £2,000 per jaar trek, buiten nog die ekstras en vry ryery ens. ens. ens. kan die benewelde brein niks raaksien nie. Nee,

Ander Briewe Bladsy 6

want dit pas skinderbekke baie goed. Dit is mos die instrument waarmee jy volksmanne kan beklad.

Nou vir die GROOT rekenkunde, die logika van ons skinderbekke. Sê nou maar Sy Majesteit se Opposisieleier is sowat 40 jaar oud en hy bly aan tot hy 60 is: £40,000, dis te sê as hy nie een van Sy Majesteit se ministers word nie. In watter geval die sommetjie heelwat meer sal wees. Nou, dit is nie sleg nie. Nie eers 'n rokie nie. Hy sit ook nie met sy volk op 'n „mishoop" nie. Hy sit op groen kussings. Nie om 'n volk te red nie, maar om hom verdeeld te hou deur partye, totdat daardie volk nie meer 'n volk sal wees nie. In Diens van Sy Majesteit. Skakelspore! Magtie, skinderbekke. Wat soek julle na skakelspore? Is julle dan bakstene? Die atoombom lyk 'n mooi een. LANK LEWE HANS VAN RENSBURG. Die LEIER, die staatsman vir wie skinderbekke nie KON dood skinder nie. O.B.'s staan rotsvas by hom!

## Korrespondensie

**„Vaalbok", Klerksdorp:** Alle briewe met 'n politieke strekking moet volgens die Kieswet onder die skrywer se naam verskyn. Tensy ons u naam en adres kan publiseer, kan ons nie u brief plaas nie.

# Geïnterneerdes In Kanada Eis Skadevergoeding

**Soos in Suid-Afrika is daar ook gedurende die afgelope oorlog talle mense in Kanada en Brittanje in interneringskampe gestop omdat hulle verdink is van ondermynende bedrywighede. Anders as in Suid-Afrika en Brittanje — eersgenoemde volg natuurlik die Britse praktyk — kry die persone wat in Kanada geïnterneer was, nou die geleentheid om petisies in te dien waarin hulle skadevergoeding van die staat eis.**

Hierdie gegewens word versterk in die Engelse maandblad The Patriot. Die blad verwys na die internerings in Brittanje en verklaar: „Ook in Kanada is mense geïnterneer maar hulle word ten minste toegelaat om te probeer om hulle saak te regverdig. In Februarie het die minister van binnelandse sake verlof toegestaan dat die eerste agt van die voormalige geïnterneerdes skadevergoeding ter waarde van meer as 1,000,000 dollar van die federale regering eis en hul saak is verhoor deur die kanselier van die skatkis van Kanada.

„Volgende op hierdie kennisgewing is drie ander petisies ingedien vir 'n totale bedrag van 370,000 dollar en daar word verwag dat nog sowat 40 ander ingedien sal word.

„Volgens die Kanadese pers is een van die eerste agt eisers Adrien Arcand wat leier was van die Nasionale Eenheidsparty, terwyl ander eise vier lede van die party insluit, wat volgens bewering, van voorneme was om 'n staatsgreep in Ottowa uit te voer.

„'n Ander eiser wat 200,000 dollar skadevergoeding eis, is 'n geneesheer van Montreal wat toelating tot die Mediese Korps geweier is, daarna geïnterneer maar later losgelaat is en aan die hoof geplaas is van die mediese eksaminerende raad.

„Dit sal interessant wees om te sien wat van hierdie eise word", verklaar die blad.

# Sleutel Tot Bestryding Gevind

Wetenskaplikes van die Universiteit van Minnesota het pas aangekondig dat hulle vir die eerste keer daarin geslaag het om 'n feitlik suiwere konsentraat van die kinderverlammingvirus in mense af te sonder. Daar is egter aan toegevoeg dat dit nog verskeie jare kan neem voordat daar 'n geskikte entstof vir die siekte gevind word.

# Ons Roeping


Óf die Ossewabrandwag het geen bestaansreg nie — in watter geval hy 'n weelde is wat ons volk nie kan bekostig nie — óf hy het 'n roeping. As hy 'n roeping het, moet ons hom beveilig en die weë baan om sy roeping te vervul voordat dit te laat is. Die K.G. is besig om in hierdie verkiesing die laaste struikelblok na een aspek van die O.B.-roeping uit die weg te ruim. Indien hy misluk, word die roeping van die O.B. nog vyf jaar vertraag.



WEES BESKERM!
MOTOR-Assuransie by—
SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie.

Maak u eie STENE met die
KLEINE WONDER
SEMENT-STEENMAAKMASJIEN

Die „KLEINE WONDER" stel u instaat om sementstene te maak op die plek—soveel as wat nodig is, waar en wanneer hul nodig is. Daarbenewens stel die welgevormde, volkome reghoekige standaardgrootte „Kleine Wonder"-stene die messelaar in staat om baie meer stene per dag te lê en minder pleister (messelkalk) te gebruik. Die pleisterer spaar ook tyd en pleisterkalk omdat daar nie ongelyke dele is om op te vul nie. Die „KLEINE WONDER" sonder onderdeel kos slegs



£20 v.o.s. Hopefield. Onderdeel £10 ekstra maar enige stewige stellasie kan vir hierdie doel gebruik word.

Handelsnavrae word verwelkom
J. H. BUHR
Voortrekkerstraat, Hopefield.
Posbus 18. Telegramme „BUHR"
(3)

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

**HOFMEYR.** — Aan Hendrik en Joey op 8 Mei 'n tweede dogter vir God, Volk en Vaderland. — Die Drostdy, Worcester, K.P.

### DOODBERIG

**DE KLERK.** — Verhuis na sy ewige woning na 'n smartlike lyding ons dierbare vader en oupa Christiaan Johannes in sy tagtigste jaar. Ons sal u baie mis, maar gun u die rus. Kinders: Neels en Mimmie; Kleinkinders: Aucilene en Irma Boonzaier, Sterkaar.

### BOME, PLANTE EN SAAD

**LUSERNSAAD.** — Vars saad, standaard gehalte. Doddervry. £9 per sak, 203 lb., gelewer Oudtshoornstasie. K.M.B. — **D. S. DU TOIT,** P.K. Armoed, Distrik Oudtshoorn. 14/4/TK

**ERTE. — Goewerments-gesertifiseerd.** Greenfeast goed skoongemaak £6/10/- per sak. Ongesertifiseerd £5 per sak, 200 lbs., V.O.S. Oudtshoorn. — **KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.** 7/4/8

**GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE** Donker Detroit Beetsaad 5/-, Chantenay Wortelsaad 7/6, Silver King Uiesaad 8/6 per lb. Posvry. Vra pryslys van **PREMIERS,** P.K. Schoemanshoek **Oudtshoorn.** 21/4/TK

**GROENTESAAD. — Goewerments-gesertifiseerd..** Detroit en Egiptiese Plat 5/- per lb. Chantenay-Wortel 7/6 per lb. Posvry. Skryf: **KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.** 7/4/8

**ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKIES, Ens.** vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan LA MOTTE-KWEKERY, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

### GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**KLEREMAKERS:** Leer die Kuns van Sny. Persoonlike en Poskursusse kan gevolg word. Getoetste patrone word ook voorsien. Skryf om besonderhede aan: **Snyerskool, Bus 196, Stellenbosch.** 28/4/4

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### SOUT TE KOOP

**BOEK** u bestellings vir vroeë aflewering sodra sout verkrygbaar is: A1, £4; No. 1, £3/15/-; No. 2, £3/10/-, per ton; 100 pond fyn bottersout 6/-, vrygelaai Soutwerke. Bestel: **Komdte. mev. MARTIE VENTER,** P/sak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 5/5/TK

### PLAAS TE KOOP

BABANANGO-AREA, 1,000 morge groot, uitstekende bees- en skaapplaas, volop water, swartwattelbas, goeie woonhuis, ens. Prys £2/15/- per akker. Doen aansoek by **VOORSLAG (EDMS.) BPK.,** Posbus 1411, Kaastad. 5/4/TK

### TE KOOP AANGEBIED

Enige hoeveelheid dag-oud kuikens dadelik verkrygbaar. Australorps £7, Leghorns en Kruis teen £6 per 100. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens.

Kuikens word gebroei van henne wat uitgesoek is deur eienaar wat alreeds twintig jaar ondervinding en 'n groot sukses van hoenderboerdery gemaak het. — **H. R. MALAN,** „Weltevrede Pluimveeplaas," P.K. Kerstfontein, **PAARL.** Foon 6203. 14/4/TK

**PATATS.** — Lekker vars patats teen 12/6 per sak. Gelewer my sylyn. K.M.B. Asook weeklikse afsendings. — **P. J. GERBER,** Hoekwil, **George.** 28/4/TK

**KO-OPERATIEVE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA, BEPERKT.**

**(Geregistreer kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939)**

### VAKATURE VIR DAMES-KLERK

Aansoeke gemerk „Dames-klerk" word ingewag en sal ontvang word deur ondergetekende tot en met 26 Mei 1948, om die betrekking van damesklerk in die Hoofkantoor van die K.W.V. te Zuider Paarl teen 'n salarisskaal van £140 x £20 — £200 x £15 — £275.

Kwalifikasies:— Applikante moet gematrikuleerd wees. Kennis van Skeikunde sal 'n aanbeveling wees. Applikante moet gewillig wees om deeltyds in die Laboratorium behulpsaam te wees.

SEKRETARIS.

K.W.V., Posbus 528,
ZUIDER PAARL.

### TAFELAARTAPPELS

Heerlike vars Graad I Tafelaartappels teen 20/- per sak, 150 pond. Egte 2e van ingevoerde Skotse Up-to-date saadaartappels, eiergrootte, teen 20/- per sak, 150 pond. V.O.S., Bethlehem. Tevredenheid gewaarborg. Leë sakkies terug. — **S. W. RABIE,** Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 5/5/TK

### TE KOOP

**BOERE, AANDAG!** — Uitverkoping van voorraad nuwe klere en skoene, asook tweedehandse militêre klere elke Saterdagoggend by Nick Neethling, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253. 12/5/Tk.

Onvergeetlike verhale wat die gees verryk (Japie Greyling; helde en tonele uit Harrismith, Heilbron, Bethulie, Lydenburg).

## WAAR EN TROU

wat pas by die Afrikaanse Pers, Bpk., verskyn het; 11/- posvry in die handel; 10/6 posvry by die skrywer:

**P. H. S. VAN ZYL,**
Sesdelaan 38, Florida.

As geskiedenis uniek.
As letterkunde klassiek.

## Antwoorde op „Wie kan sê?"

1. Andries Cilliers.
2. Wemmershoek (tussen Franschhoek en die Paarl).
3. 1497.
4. Johann van Archel.
5. Hermann Schütte.
6. I. D. du Plessis.
7. Stellenbosch.
8. Libertas.
9. Die Hantam.
10. Gnl. Louis Botha.

**NOODHULP VIR DUITSLAND**

**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**

**Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.**

**ONS BENODIG DRINGEND:**

- **Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.**
- **Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.**
- **VET.**
- **Biltong of ander onbederfbare eetware.**

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND of regstreeks aan die

**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**
**Bloedstraat 164, PRETORIA.**　**Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.**

**● VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. ●**

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

# VALSE VERSKONING VIR WEIERING

**Mnr. W. J. Wentzel, P.K. Thaba 'Nchu, skryf:**

Enige jare gelede het iemand my dit baie kwalik geneem, omdat ek o.a. gesê het: „Dr. Malan is 'n opportunis maar geen staatsman nie". Ek sou graag vandag die geagte vriend se opinie oor dr. Malan wil hoor.

Toe die koalisie en later die samesmelting tot stand gekom het, was ek een van die wat by die Gesuiwerdes gebly het.

Maar waarlik die laaste paar jare het die H.N.P. so 'n diktator aan die hoof, dat ek, en saam met my baie opregte republikeinsgesinde Afrikaners, ons as't ware skaam om aan die party te behoort.

Toe die Grootraad vir dr. Van Rensburg gekies het as Kommandant-generaal het dr. Malan self gesê dat hulle geen beter keuse kon doen nie. Ja, hy het mense selfs aangemoedig om by die Beweging aan te sluit. Dog kort daarna het die breuk gekom, wat maar nie geheel kan word nie. En waarom? Omdat dr. Van Rensburg dan op politieke terrein sou getree het. Die blaadjie No. 1 van 1941 sou dan nasionaal-sosialisme bepleit het. Ek het nog daardie blaadjie in my besit en daag enig iemand uit om my te wys waar nasionaal-sosialisme daarin gepropageer, ja selfs genoem word. Daar word gepraat van Christelike Nasionalisme.

Dr. Malan sien kans om saam te werk met mense wie se beleid nog altyd imperialisme was 'n is. Ja hy is selfs hoog in sy skik om iemand as offisiële H.N.P.-kandidaat goed te keur, wat tot onlangs organiserende sekretaris van die Verenigde Party was. Maar die O.B. is nie goed nie.

Dr. Malan wil nie vrede maak nie. Met die H.N.P.-kongres enige jare gelede in Pretoria het hy geweier om 'n verteenwoordigende afvaardiging van 21 te woord te staan. Hy sou dan nie tyd gehad het nie!

Daar is destyds gesê dat die O.B. op die politieke terrein gekom het en as 'n politieke party ontpop het. Enige maande gelede het ons sittende L.V. hier 'n vergadering gehad. Ek vra hom toe waarom die breuk destyds gekom het tussen die H.N.P. en die O.B! Sy antwoord was, omdat die O.B. hom ingelaat het met politiek.

Daarna vra ek hom: Waarom kan daar dan ook nie in belang van volkseenheid met die O.B. onderhandel word soos in die geval van die Afrikanerparty vir samewerking. Sy antwoord was: Omdat die O.B. geen politieke party of organisasie is nie. „Ons kan probeer om indiwidueel lede van die O.B. te kry om saam met ons te werk", was sy verdere woorde.

Kommentaar is oorbodig.

Onlangs het dr. Malan dit nodig geag om 'n verklaring in die pers te doen oor sy optrede i.v.m. die kandidatuur van mnr. Vorster in Brakpan. En die verklaring was voorwaar swak en vérgesog. Dis voorwaar treurig as mens 'n verklaring moet doen om te probeer om jou dade te regverdig. Maar nou gaan die leier van die H.N.P. nog verder en luister wat hy sê: Kandidate mag nie ooreenkomste met die O.B. aangaan omdat dit inmenging is in partysake.

Dis die jongste van die leier van die H.N.P. — die man wat ook eenkeer in sy lewe sover gekom het om te erken dat volksbelange bo partybelange gestel behoort te word.

Sou dr. Malan waarlik soek na en verlang na Afrikanereenheid? Is dit hom erns as hy sê: Ons moet die eleksie wen?

Waarlik die optrede van dr. Malan is geensins die van 'n staatsman nie en indien hy in daardie gees volhard dan sidder ons selfs by die gedagte dat hy miskien eerste minister mag word, want hy is 'n groter diktator as generaal Smuts. (Verkort).

## O.B. Laat Hom nie Mislei

**Mnr. Barry Grobbelaar, Sweethome, Vryburg skryf:**

Meneer Havenga het op Hobhouse verklaar dat hy Brakpan laat vaar het ter wille van die ooreenkoms. Hoe lyk dit dan vir my of dit waar is dat volgens die ooreenkoms geen lid van die O.B. as kandidaat mag staan nie? En nogtans het mnr. Havenga dit aanvaar. Waarom dan nie al die setels laat vaar as dit nie so was nie?

Verder het mnr. Havenga gesê dat hy nie die ideologie van die O.B. onderskryf nie. Malan sê ook so. Dus is daar geen verskil tussen die twee wat die O.B. betref nie.

Voorts het mnr. Havenga gesê dat O.B.-lede in die A.P. wat nie tevrede is nie, maar moet bedank. Ons is mnr. Havenga dankbaar vir sy goedgesindheid maar dit het hy nie geopenbaar tydens die onderhandelinge nie. Dr. Malan eis vir ons dieselfde as mnr. Havenga: kom stem maar net en julle is goed genoeg. Ek reik my hand van vriendskap maar as vriendskap so lyk, dan lyk dit maar sleg. Wat sê mnr. Havenga van sy groot leier, genl. Hertzog, se uitlating „dat partystelsel ons nêrens bring nie"?

Ek het hier voor my 'n kennisgewing onderteken deur mnr. W. Jordaan: stem vir mnr. Viljoen op 26 Mei terwille van die ooreenkoms." Laat ek net sê, die O.B. het geen ooreenkoms met die A.P. nie. Mnr. Viljoen sê ons moet maar stem kêrels, daarvoor is julle ideologie goed genoeg — maar nie een O.B. in die volksraad nie.

Laat ek dit sê: die O.B. slaap nie en ons laat ons nie mislei en verlei nie. (Verkort).

## Baäl en Partypolitiek

**Mnr. C. F. J. van Rensburg, P.K. Amalia, skryf:**

As ek my Bybel lees en sien wat met my volk aangaan dan rys my hare op my kop. Dan soek ek uitkoms in die Bybel, maar daar is geen uitkoms, net strafgerig deur die roeping van God. Volgens 1 Korinthiërs 18: 21: „En Elia het nadergekom na die volk en gesê: Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die Here God is, volg hom na, en as Baäl dit is, volg hom na".

Wie volg die H.N.P. na? Volg hy Baäl met sy partyskap na?

Die partytwiste onder my Afrikanervolk lei tot steeds verdere verbrokkeling. Ons O.B.-lede soek samewerking met die H.N.P. maar dit is tevergeefs. Die Baäl-partyskap het die oorhand behaal. God roep met strafgerig maar die volk merk dit nie. In 1918 het die Here ons besoek met die Griep. Maar die Here het weer sy hand uitgesteek met die Eeufeesjaar. Maar die volk het weer verbrokkel en God straf ons nou weer met die banvloek: die kinderverlamming. Nog merk ons dit nie.

Staan vas by die roeping wat God ons opgelê het en moet nie dat ons deur Baäl verlei word nie want God het ons oë oopgemaak vir Baäl. Laat niemand ons verlei deur die ydele vyandskap van politiek nie.

Hoe staan dr. Malan teenoor die volk? Het dr. Malan dan vir mnr. Havenga aangeneem om die volk te vloek soos Balek vir Belam geroep het om die volk vir hom te vloek? Deur die grimmigheid van die Here staan die land in vlamme, en niemand word gespaar nie. (Verkort — Red.)

## STAAN VAS

Groot druk word deur die hoofkantoor van die H.N.P. uitgeoefen op kandidate en partybesture wat plaaslike vrede met die O.B. gesluit het, om hul ooreenkomste op te skeur. Die O.B. weet van minstens een kiesafdeling in Kaapland waar die lede voor stok gekry is, maar geweier het om op hul woord terug te gaan.

## Moet Voor 22 Mei Weet

**Mnr. Z. Victor, Posbus 3, Beaufort-Wes, skryf:**

Ek versoek dr. Malan om hom te versoen met die O.B. voor 22 Mei, en om in hierdie pinkster gereeld na die bidure toe te gaan en te kyk of hy nie daar iets goeds vir sy siel kan kry nie, sodat hy hom kan versoen met sy volk. As hy dit opreg meen met die Volk en met hierdie verkiesing wat hulle beskryf as die „laaste kans" van die Afrikanerdom, laat hy kom en groot wees en die hand van liefde vir sy Volksgenote aanbied, en die ware vrede met ons O.B.'s sluit, en om vergiffenis vra. Ons K.G. is groot genoeg en het verstand genoeg om sy hand te vat. As die vrede nie voor 22 Mei gesluit word nie, sal alle O.B.'s buite stemming bly. Die saak is groot, want dis die saak van ons Volk. Geagte dr. Malan maak die vrede met u Volk en my Volk; dit sal u niks kos nie, u hoef nie van u £2,000 af te gee nie wat u verdien nie. Die beste Afrikaners vind u altyd in die O.B. en hulle sal u vergewe. Ek moet weet voor die 22ste.

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 19 MEI 1948

# *Meimaand se Feesdae*

## (Deur die JEUGLEIER)

Meimaand het vir die jeug altyd 'n spesiale bekoring. Hierdie maand val midde in 'n lang kwartaal en daarom is die paar vakansiedae wat Mei hulle gee baie welkom. Elk van hierdie vakansiedae het 'n eie betekenis en ons wil kortliks by die betekenis van elk stilstaan.

### HEMELVAARTDAG

Eerste aan die beurt is **Hemelvaat** op 6 Mei. Vir ons as Christene is dit 'n ware feesdag, want dan gedenk ons die hemelvaart van onse Heiland. Christus het gekom om vir die sondaar te ly en te sterwe. Maar Hy het die dood oorwin, Hy het Sy verlossingstaak verrig en teruggekeer na Sy Vader. In Sy opstanding en hemelvaart lê vir ons 'n heerlike belofte opgesluit. Daarom gedenk ons hierdie dag in dankbaarheid en aanbidding. Dis geen dag vir ydele vermaak nie.

### „VICTORIA DAY"

Die volgende vakansiedag val op 24 Mei. Dit word genoem „Victoria day" of „Empire day". Laat ons dit maar liewer op sy Engels hou, want dis Engelse vakansie daardie dag. Dit word gevier ter herinnering aan wyle haar Britse Majesteit, koningin Victoria. Dat ál wat Brit is op daardie dag vrolik is, val te begrype. Gedurende haar lang regeringstyd het Groot Brittanje uiters suksesvolle strooptogte oor die hele aardbol uitgevoer en 'n groot deel daarvan rooigeverf. Gelukkig begin daardie rooi verf vandag sy glans verloor.

Maar wat ek eintlik wou sê, is dat ons wat Boerejeug is wel van vakansiedae hou, al dink ons daarby nie aan koningin Victoria nie. Vir ons sal dit egter oneindig meer van waarde wees as 24 Mei maar werkdag word en 10 Aktober vakansiedag!

### ROUDAG OF FEESDAG?

„Victoria day" bring ons as vanself ook aan die volgende en laaste vakansiedag van die maand Mei, nl. 31 Mei. Een van Victoria se geslaagde strooptogte is op 31 Mei 1902 bekroon. Toe is die twee Boere-Republieke op die kaart ook rooigeverf, nadat Boerebloed vir drie jaar lank ons vlaktes gedrenk het. Dis voorwaar rede genoeg om op daardie dag ons gewone werk neer te lê en in stilte en verootmoediging terug te dink aan 31 Mei, 1902 — **vir die Boerevolk 'n roudag, geen feesdag nie!**

Maar wat is die geval? 31 Mei word Uniedag genoem en ons moet feesvier!

Soms, as ons 'n lelike klad op ons skrif maak, plak ons 'n skoon stukkie papier daaroor en skryf dan daarop afsof daar nooit 'n klad was nie. So het ons voormanne van 1910 ook gemaak. Toe het die Unie ontstaan. Hulle het gemeen dat dit van die hele Suid-Afrika 'n eenheid sal maak en dat dit alle wonde van die verlede sou genees. En in hierdie verwagting het hulle van 31 Mei **Uniedag** gemaak. 'n Skoon stukkie papier op 'n klad wat Engeland hier gelaat het!

Moet ons maar vergeet wat onder daardie stukkie papier is? Is 'n Unie **onder** die Britse vlag begeerliker as 'n Republiek **sonder** daardie vlag? Dis iets om oor na te dink op 31 Mei. Dis ook iets om oor na te dink op **26 Mei**, wanneer die verkiesing vir die Volksraad plaasvind.

# Wie kan sê?

1. Wie is die komponis en digter van die O.B.-lied?
2. Waar tref ons die hoogste reënval in die Unie aan?
3. In watter jaartal het Vasco da Gama om die Kaap gevaar?
4. Wie was die eerste predikant van die nedersetting aan die Kaap?
5. Wie was die oprigter van die Groote Kerk, Kaapstad?
6. Watter persoon is 'n besondere kenner van die Kaapse Maleier en het ook waardevolle navorsing i.v.m. hulle gedoen?
7. Voordat die sterk imperiale banke vanaf 1861 daarop toegelê het om die kleiner banke oor te neem, was daar oral in die land sogenaamde Distriksbanke wat plaaslike belange behartig het en ook plaaslik beheer is. Vandag bestaan daar nog net een so 'n Distriksbank, waar is dit?
8. Wat is die naam van die plaas van Adam Tas?
9. Wat is die ou naam vir Calvinia distrik?
10. Wie was die eerste premier (eerste minister) van die Unie?

(Antwoorde op bladsy 6)

# DIE BOEREJEUG VANWAAR EN WAARHEEN?

**(Deur Jenny Basson — Boeredogter, Stellenbosch)**

Toe die O.B. tydens die Eeufees van 1938 gestig is, is daar ook 'n behoefte gevoel aan 'n jeugbeweging. Die jeug moet tog eendag die leiding op hulle neem en sal dan die Afrikanervolk uitmaak. Die Ossewabrandwag is opgebou uit gesinne en daarom moet ook die seun en dogter aan die beweging behoort.

Daarom het die A.K.G., genl. J. A. Smith, aangedring op 'n jeugfront wat later geword het, die Boerejeug.

Vir my het die Boerejeug al baie beteken, want daarin het ek die egte gees van kameraadskap gevind. Hoe duidelik leef die Boerejeug hom nie hierin uit nie: „Ek is my broer se wagter"? Wat vir my ook baie beteken het, was om saam met talle ander Boereseuns en -dogters laer te trek. Ek het gevoel asof hulle my broers en susters is. Daarby is die kampe nie net vir plesier nie, maar vir opleiding en dissiplinering.

Die Boerejeug het my vaderlandsliefde baie versterk. Ek dink aan die eed wat ek afgelê het om nooit my mede-Afrikaner in die steek te laat of hom aan die vyand oor te lewer nie. Ook dink ek aan daardie woorde wat my so diep getref het:

„Soet is die stryd vir die stryer,
Al moet hy uiteindelik verloor.
Maar die een wat sy deelname weier
Is die man wat sy nasie — vermoor!"

(I. D. du Plessis)

# ETLIKE MILJOENE ONGELETTERDES IN ENGELAND

**Meer as 3,000,000 volwassenes en jong mense in Engeland en Wallis kan skaars lees of skryf, volgens 'n opname van 'n onderwyskommissie wat op gesag van die Biskop van Liverpool gedoen is.**

Volgens hierdie opname wat so pas in Engeland gepubliseer is, is 17 persent van die Britse volk ongeletterd of half ongeletterd. Daar is ook aan die lig gebring dat die intelligensie van 'n baie groot groep mense laer is as die gemiddelde. Hierdie neiging is aan die toeneem, aldus die verslag.

**In verband met hierdie ondersoek het die onder-sekretaris vir oorlog, M. Stewart, verklaar dat ongeveer 20 persent van die rekrute wat hulle vir diensplig aangemeld het, nie kon lees of skryf nie.**

## ONTHOU:

Indien u 'n funksie wil hou:
(1) Reël dit goed.
(2) Bepaal tyd en plek vroegtydig.
(3) MAAK GOED BEKEND!

As u 'n saal moet huur, waarvoor u baie moet betaal, maak deeglike gebruik daarvan deur bv. die middag 'n basaar, die aand 'n ete, en daarna volkspele te hê.

# DIE TRANSVAALSE VOLKSLIED

(Vervolg van verlede uitgawe)

President Burgers het in die jare 1853—1858 aan die Universiteit van Utrecht in Holland studeer. Hy was 'n groot liefhebber van musiek en kon die fluit goed bespeel. Deur die musiek het hy in hierdie jare met Catharina van Rees kennis gemaak. Sy het 'n komedie-opera geskryf wat in een van die private wonings in Utrecht, waar Burgers 'n bekende was, opgevoer sou word. Hy het gevolglik met haar kennisgemaak en aangebied om in die orkes op die fluit te speel. Toe die opvoering van die „Debutants" (dit was die naam van die opera) verby was, het president Burgers en Catharina van Rees vir die res van sy verblyf in Nederland mekaar nie weer gesien nie, dog sy het sy loopbaan in Suid-Afrika met belangstelling gevolg.

### DIE PRESIDENT SE VERSOEK

Op 13 Sept. 1875, toe Catharina in Bonn gewoon het, verskyn President Burgers onverwags by haar en versoek haar om 'n volkslied vir sy volk te skryf. Hy sou na twee dae weer terugkom om die lied te kom afhaal. Eers het sy beswaar gemaak. Dit was geen maklike taak om 'n volkslied te skryf nie en dit nog vir 'n vreemde volk! Maar die President is weg en oor twee dae sou hy die lied kom afhaal.

Op 14 Oktober was president Burgers weer by Catharina te Bonn en het sy hom twee volksliedere oorhandig om uit te kies; nie alleen die woorde nie, maar ook die toonsetting het sy voltooi. So het sy die Transvaalse volkslied in ongeveer ses uur tyd geskryf.

### „KENT GIJ DAT VOLK?"

Die President was daar baie ingenome mee want dit was die beste van al die volksliedere deur hom ontvang. Hy het dit saamgebring na Transvaal en dit het ingeslaan soos geen volkslied vóór of ná die tyd nie. Spoedig was „Kent Gij dat Volk" algemeen bekend. In die Republiek se dae is dit in die skole geleer en in die Boerehuise gesing en in die Driejarige Oorlog was dit oor gans Europa bekend. Dit was die Boerelied by uitnemendheid en het 'n plek verower in die hart van die Boerevolk.

Aan Catharina van Rees, digteres en komponiste van ons geliefde „Transvaalse Volkslied", ons dankbare hulde groet!

„Kent gij dat volk vol heldenmoed
En toch so lang geknecht?
Het heeft geofferd goed en bloed
Voor vrijheid en voor recht.
Komt, burgers! Laat de vlaggen wapp'ren;
Ons lijden is voorbij;
Roemt in de Zege onzer dapp'ren;
Dat vrije volk zijn wij!
Dat vrije volk, Dat vrije volk,
Dat vrije volk zijn wij!

Kent gij dat land, so schaars bezocht
En toch so heerlik schoon;
Waar de natuur haar wond'ren wrocht
En kwistig stelt ten toon?
Transvalers! Laat ons feestlied schallen!
Daar waar ons volk hield stand,
Waar onze vreugdeschoten knallen,
Daar is ons vaderland!
Dat heerlik land, Dat heerlik land,
Dat is, dat is, ons vaderland!

Kent gij die Staat, nog maar een kind
In's werelds Statenrij,
Maar toch door't machtig Brits bewind
Weleer verklaard voor vrij?
Transvalers! Edel was uw streven
En pijnlik onze smaad;
Maar God die uitkomste heeft gegeven,
Zij lof voor d'eigen Staat!
Looft onze God, Looft onze God,
Looft onze God voor Land en staat!

# IETS VIR DIE DOGTERS

Boeredogter Magdalena de Bruyn van Aliwal-Noord stuur die volgende **piesang-poedingreseppie:**

Benodigdhede: 5 ryp piesangs, eetlepel fyn konfyt, lemoensap, bietjie sout, 2 koppies melk, eetlepel suiker, 3 eiergele.

Metode: 1. Skil die piesangs af, druk dit fyn met 'n vurk, meng met die konfyt, en gooi in 'n glasbak. Sprinkel 'n bietjie lemoensap daaroor.

2. Kook die melk en roer die suiker in.

3. Klits die geel van die eiers goed en gooi die warm melk stadig oor. Roer goed, gooi terug in die kastrol en sit weer op die vuur.

4. Roer gedurig tot dit begin dik word, en voeg 'n bietjie sout by.

5. Haal af, voeg sowat 'n eetlepel lemoensap by, laat afkoel en gooi oor die piesangs en konfyt.

Ek het nog nie haar reseppie uitgetoets nie, dus sal ek bly wees om te hoor hoe julle daarvan hou en wat die res van die familie daarvan dink. (Skryf aan mej. L. Roos, De Klerkshuis, P.U.K., Potchefstroom).

Hier is egter 'n ander **piesangpoeding-reseppie** wat ek baie maak en regtig kan aanbeveel:

Benodigdhede: 2 koppies kookwater, koppie suiker, koppie fyn piesangs, eetlepel mielieblom (maizena), eetlepel vlapoeier, wit van 1 of 2 eiers.

Metode: 1 Kook piesangs, suiker, en water vir 5 minute (as piesangs hard is, 'n bietjie langer).

2. Meng mielieblom en vlapoeier met 'n bietjie water, voeg by mengsel, en roer tot dit gaar (dik) is.

3. Laat afkoel en vou styfgeklopte wit van eier in.

4. Sit in 'n koel plek om styf te word.

Die gele van die eiers kan julle nou gebruik vir vla of hou dit vir roereiers — gooi net 'n bietjie water oor die gele en dit sal nie hard word nie. I.p.v. piesangs, kan julle ook ander vrugte gebruik soos pynappels, koejawels, appelkose, of perskes.

Ek is seker dat as julle eers 'n slag hierdie poeding gemaak het, sal die familie dit elke Sondagmiddag op tafel wil hê.

# Nog Kandidate Sluit Vrede

**Ten spyte van dr. D. F. Malan se bevel dat H.N.P.-kandidate geen plaaslike vrede met die Ossewabrandwag mag sluit nie, het nog 6 H.N.P.-kandidate tot dusver vrede met die O.B. gemaak. Dit bring die totale aantal kiesafdelings wat vrede gesluit het op 15 te staan.**

In al hierdie kiesafdelings sal die Ossewabrandwag die kandidate ondersteun. Elders waar kandidate nog in vyandigheid volhard, sal hulle die vrugte van die H.N.P.-leiding se vyandigheid moet pluk aangesien die Ossewabrandwag nie vir sy eie slagters gaan stem nie.

Die H.N.P.-kandidate wat verlede week skriftelik vrede gemaak het, is: Mnr. P. J. Hugo (Paarl), mnr. J. H. A. Abraham (Groblersdal), mnr. A. I. Ludick (Lichtenburg), mnr. D. C. S. Grobler (Marico), mnr. D. J. J. Mostert (Witbank), mnr. T. J. Frates (Koedoespoort), mnr. Jan Wilkens (klersdorp).

Verlede week het ons berig dat die volgende H.N.P.-kandidate ook reeds vrede met die O.B. gesluit het:

Mnr. J. H. Fouché (Rustenburg), mnr. Tom Naude (Pietersburg), kol. Jacob Wilkens (Ventersdorp), mnr. J. H. Klopper (Vredefort), mnr. S. H. Eyssen (Heidelberg, Tvl.), mnr. A. Steyn (Kroonstad), mnr. B. J. J. van Rensburg (Vasco), maj. P. W. A. Pieterse (Heilbron).

Saam met die 10 A.P.-setels en Brakpan waar mnr. John Vorster kandidaat is, sal die O.B. dus tot sover in 26 kiesafdelings aan die verkiesing deelneem.

**Later. — Ook in die Babarton-kiesafdeling het die H.N.P.-kandidaat, mnr. W. H. Fourie, vrede gesluit.**

## MARICO

Groot geesdrif heers onder nasionaalgesindes in die kiesafdeling Groot Marico ten gevolge van 'n ooreenkoms wat op 'n volle verteenwoordigende vergadering van bestuurslede van die H.N.P. en A.P., die H.N.P.-kandidaat, mnr. D. C. S. Grobler, organiseerders van die H.N.P. en O.B.-offisiere aangeneem is. Dis onderteken deur P. J. Grobler en J. W. Viljoen (voorsitters van die H.N.P. en A.P. onderskeidelik) en mnr. D. C. S. Grobler, H.N.P.-kandidaat.

Die ooreenkoms lui: „Die H.N.P. van Marico is nie bereid om te diskrimineer tussen aanhangers van die Afrikaner-party en bewegings soos die Ossewabrandwag en andere en dat ons in die toekoms gaan saamstaan en saamwerk om Marico vir die saak van die Nasionale Afrikanerdom te wen."

## Afrikanervrede Binne Bereik

**Dr. Malan wou nog nooit met die O.B. vrede sluit nie, want hy het dit onnodig geag, aangesien die O.B.'s tog in elk geval vir hom sal stem, so het hy gereken.**

**Dr. Malan is reeds besig om sy fout hierdie keer uit te vind, vandaar sy noodroep tot mnr. Havenga om Wes-Kaapland-toe te jaag en te help. Indien die O.B.'s verder vas staan by die K.G. se beleid, is vrede binne die geledere van ons volk in sig.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## KLERKSDORP KRY VERSEKERING

'n Ooreenkoms tussen die O.B. en H.N.P. is bereik te Klerksdorp op Saterdag, 15 Mei. Aan mnr. Jan Wilkens, die H.N.P.-kandidaat, is op 'n vergadering in sy kiesafdeling gevra: „Gaan u in die toekoms enige diskriminasie voorstaan tussen O.B.-lede en ander nasionaal-gesindes?"

Antwoord: „Ek was nog nooit ten gunste van sulke diskriminasie en het geen voornemens om in die toekoms enige sulke diskriminasie voor te staan nie." Hy het voorts verklaar dat hy geen fout in die De Wet-Nel-ooreenkoms sien nie en gee die versekering dat hy diskriminasie sal teëwerk en hom op volgende kongresse sal beywer om misverstande uit die weg te ruim. Hy is bly om te sien dat die O.B. nie verwag hy moet breek met die kongresbesluit nie.

Hoofkommandant Breedt het vervolgens volle O.B.-steun aan die kandidaat toegesê. Dit is wedersyds verwelkom.

(Berig: Gerard van Rooy, P.U.K., Potchefstroom en nagesien deur mnr. Jan Wilkens en Hoofkomdt. Breedt.)

## „Dankie, Maar Julle OOK"

**Die Kaapse Kommunistiese Party het onlangs 'n lys van organisasies soos die Ossewabrandwag en die Gryshemde aan genl. Smuts gestuur met die versoek dat hulle in die ban gedoen moet word.**

**Genl. Smuts se antwoord was: „Die Eerste Minister neem met genoeë kennis van u versoek, en neem aan dat u organisasie ook op die lys geplaas sal word."**

**Hierdie onthulling is gedoen deur Kommunistiese kandidaat Fred Carnison in 'n toespraak verlede week in die kiesafdeling Kaapse Vlakte.**

# Paarl Sluit 'n Duursame Vrede

**In die Paarl het die H.N.P. en O.B., met insluiting van die Afrikanerparty, verlede week op Dinsdagaand ooreengekom om in die vervolg op gemeenskaplike terreine met erkenning van identiteit saam te werk deur middel van 'n skakelkomitee.**

Die H.N.P. en O.B. het in aparte lokale byeengekom om 'n ooreenkoms te oorweeg wat tussen hfgenl. Max Smuts en mnr. P. J. Hugo, die H.N.P.-kandidaat bereik is. Nadat van O.B.-Kant laat weet is dat die O.B. die ooreenkoms aanvaar, is mnr. Hugo en mnr. Sterling Louw deur die H.N.P.-vergadering afgevaardig om laasgenoemde se goedkeuring aan die O.B.-vergadering oor te dra. Die ooreenkoms is toe onderteken deur mnr. P. J. Hugo namens die H.N.P. en ook namens homself in sy hoedanigheid as kandidaat, terwyl genl. Smuts namens die O.B. geteken het.

Daar is ook besluit om dit aan die pers te oorhandig met die versoek om geen kommentaar daarop te lewer nie. Die ooreenkoms lui:

„Die Herenigde Nasionale Party, die Afrikanerparty en die Ossewabrandwag in die kiesafdeling Paarl besluit om voortaan as aparte groepe saam te werk op elke terrein waar dit hul gemeenskaplike belange geld, en waar hulle mag verskil, besluit hulle om in liefde van mekaar te verskil.

„Aangesien die belange van die volk" in die komende verkiesing op die spel is, sal hulle as aparte organisasies hartlik saamwerk soos dit Afrikaners betaam.

„Met die oog op samewerking op terreine van gemeenskaplike belang sal daar 'n skakelkomitee in die lewe geroep word."

# Makliker vir Engelse Moeiliker vir O.B.

**Ten einde dit vir die Engelse maklik te maak om vir die H.N.P. te stem, verklaar dr. Malan dat die verkiesing net oor „blanke Suid-Afrika" gaan en beslis nie oor 'n republiek nie.**

Wat doen dr. Malan om dit vir die O.B. maklik te maak om vir hom te stem? Hy verklaar dat hy teen die O.B. veg oor „nasionaal-sosialisme", wat die O.B. ontken dat hy is.

**In plaas van dus 'n moontlik bestaande strydpunt tussen die O.B. en die H.N.P. opsy te skuif, soos hy die republikeinse strydpunt vir die Engelse kieser opsy skuif, sleep dr. Malan 'n strydpunt van buite af in en hang dit om die O.B. se nek. In plaas van dit vir die O.B. makliker te maak om te stem, soos in die geval van die Engelse kieser, maak dr. Malan dit vir die O.B. moeiliker. En dan gee hy nog voor dat hy vir die voortbestaan van „blanke Suid-Afrika" verkiesing voer!**

## Ons Staan by Ons Woord en Besluit

**Waar plaaslike ooreenkomste aangegaan is, word verwag dat O.B.-lede hulle woord gestand sal doen. In daardie kiesafdelings sal daar voortaan vrede gedy solank die ooreenkoms in ere gehou word.**

**In Kiesafdelings daarenteen waar kandidate geweier het om vrede te sluit, spreek dit vanself dat O.B.-lede hulle sal hou aan die U.R.-besluit.**

**Waar O.B.-lede ten spyte van volgehoue vyandskap tog vir 'n H.N.P.-kandidaat stem, maak hulle nie net hul K.G. tot 'n openbare spot nie, maar ook daardie H.N.P.-kandidate wat ordentlik genoeg was om vrede te sluit. Hulle saboteer daarmee dus al die ooreenkomste wat met veel moeite en persoonlike opoffer aangegaan is.**

**Laat geen ordentlike Afrikaner vir die gek gehou word deur die toedoen van 'n O.B.-lid nie!**

## VRA FONDSE VIR BRAKPAN

In Brakpan het 'n jong Afrikaner aan die vertoë wat allerweë tot hom gerig is gehoor gegee en hom verkiesbaar gestel teen een van die sterkste kandidate van die regering aan die Witwatersrand. Hy het geweier om die kameraadskap van ons Beweging prys te gee. Toon u waardering vir sy manlike optrede deur ruimskoots by te dra tot die verkiesingsfonds van John Vorster. Stuur bydraes aan die Sekretaris, Afrikanerparty, Posbus 8262, Johannesburg.

(Berig: B. Grobler, De Villiersstraat 15, Johannesburg.)

## Wolf hang Nuwe Skaapvel om

Die „Friends of the Soviet Union", wapenbroers van die Kommuniste in Suid-Afrika, het besluit om 'n nuwe skaapvel om te hang en sal voortaan onder die naam „South African Society for Peace and Friendship with the Soviet Union" met hul aktiwiteite voortgaan.

# Mooi Steun vir Noodhulp-funksie

**Die verkopings van die O.B. wat verlede Saterdag, 15 Mei, op Kerkplein, in die hartjie van Pretoria gehou is, het baie belangstelling gewek. Die opbrengs word aangewend tot stywing van die Noodhulpfonds.**

Die oproep op lede van ons Beweging gedoen deur Gebiedskwartier F om die saak daadwerklik te ondersteun, het werklik die algemene verwagtings oortref. Hoofkomdte. B. Seymore van Pretoria was in bevel van die reëlings en verkopinge. Afgesien van die Gebiedskwartierstaf, is sy fluks bygestaan deur 'n hele aantal helpers en helpsters, nie alleen uit Pretoria self nie, maar ook vanuit naburige Generaalskappe, O.B.-lede, ander goedgesindes, en vreemdelinge het gekoop wat aangebied is.

**Uit alle oorde van Noordelike Transvaal, vanaf Komatipoort oor Soutpansberg, Bosveld, Rustenburg en ander omstreke het goedere aangekom, sakke, kissies en pakkies. Selfs uit Kaapland het hulp gekom.** Baie mense het gehelp om reklame vir die funksie te maak. Pretoria self het baie bygedra.

Bydrae is gestuur in die vorm van geld, blomme, vrugte, groente, vleis en allerlei gebak; ook 'n hele paar sakke grondbone uit die middel van Gebied F, en 'n groot verskeidenheid handewerk.

### NUWE GEESDRIF

Namens ons Beweging, maar veral namens ons politieke gevangenes, wil ons almal wat gehelp en ondersteun het van ons hartlike waardering verseker. Die feit dat die gebruik van Kerkplein deur die Pretoriase Stadsraad goedgunstiglik aan ons toegesê is, verdien erkentlikheid.

Die verkoping het 'n bedrag van £150 gelewer, en die onderneming het getuig van herlewende geesdrif in hierdie wêreld wat deur 'n paar baie droë jare swaar geteister was. Die funksie het genoegsaam bewys dat Gebied F in die pas afgelope reënseisoen ekonomies weer op sy voete begin kom het. Ons het goeie verwagtings vir die toekoms. (Eie Korr.).

## Gebiedsraad Gebied C

'n Vervroegde vergadering van die Gebiedsraad van Gebied C word gehou op Saterdag, 22 Mei, om 9-uur vm. Belangrike sake rakende die verkiesing, organisasie ens. sal bespreek word.

**Die Kommandant-generaal sal ook teenwoordig wees. Plek van samekoms: Moderne Kafee, Crossstraat, Kroonstad.**

## STELLENBOSCH STEM NIE

Op Stellenbosch het samesprekings tussen die O.B. en die H.N.P.-kandidaat op 'n mislukking uitgeloop, aangesien die kandidaat nie bereid is om teen dr. Malan se bevel 'n ooreenkoms aan te gaan nie. **In hierdie kiesafdeling word van H.N.P.-kant gesê dat die H.N.P. sonder die O.B.-stemme kan inkom. O.B.-lede is dus vasberade om hier in dr. Malan se tuiste buite stemming te bly.**

# JODE STIG STAAT NA 2,000 JAAR

**Een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis het verlede Saterdag, 15 Mei, plaasgevind toe die eerste Joodse staat sedert 2,000 jaar uitgeroep is in Palestina nadat die Britse mandaat beëindig is. Die land sal bekend wees as Israel en word deur 'n kabinet regeer onder premierskap van David Ben-Gurion, met dr. C. Weizmann as president.**

**Die nuwe staat is onmiddellik aangeval deur leërmagte van naburige Arabiese state uit die suide, ooste en noorde. Aan die stryd neem onder andere deel Egipte, Sirië, Irak en Transjordanië. In die eerste veldslae maak die Jode aanspraak op sukses teen die Egiptiese magte.**

## O.B. MOTORS VIR BRAKPAN

'n Hele paar Brandwagte van die Vrystaat het hul motors aan genl. John Vorster beloof op verkiesingsdag, 26 Mei. Persone uit Vrede, Villiers, Frankfort, Tweeling, Reitz en selfs sover as Marquard het te kenne gegee dat hulle daardie dag in Brakpan gaan wees. Aangesien hulle geen belang in die verkiesings in hul eie afdelings het nie, vertrek hulle reeds die aand van die 25ste na Brakpan, waar hulle sal bly totdat die uitslag bekend is.

(Berig deur I. L. Ferreira, Sanlamgebou, Pretoria.)